(1) Persoonlike afspraakoproepe.—Die eindsentrale hou die oproep kort voor die vasgestelde tyd op.

(2) Gewone afspraakoproepe.—Die beginsentrale hou die oproep kort voor die vasgestelde tyd op.

§ 9. *Beskikking oor persoonlike afspraakoproepe by eindsentrales.*—By ontvangs van 'n inkomende persoonlike afspraakoproep doen die eindsentrale alle redelike stappe om in aanraking met die verlangde persoon te kom. Hierdie pogings word voortgesit, indien dit nodig is, totdat die verlangde persoon opgespoor is of totdat die geldigheidsduur van die oproep verstryk het. Nadat die verlangde persoon opgespoor is en hy van die oproep in kennis gestel is, stel die eindsentrale die kopsentrale daarvan in kennis en word die oproep by die eerste die beste geleentheid voltooi.

§ 10. *Moeilikheid om verlangde persoon op te spoor.*—Indien die persoon wat vir die inkomende persoonlike oproep nie binne vyftien minute na ontvangs van die oproep by die eindsentrale opgespoor is nie, word die beginsentrale van die oorsaak van die moeilikheid verwittig.

Die eindsentrale gaan voort om die verlangde persoon op te spoor, en indien hy nie binne twee uur gevind word nadat 'n rapport oor die oproep gemaak is nie, hoef geen verdere stappe gedoen te word nie.

§ 11. *Beskikking oor besteldiensoproepe by eindsentrales.*—By ontvangs van 'n inkomende besteldiensoproep lewer die eindsentrale 'n besteldiensadvies aan die verlangde persoon af. Indien hierdie persoon antwoord, stel die eindsentrale die kopsentrale daarvan in kennis en die oproep word by die eerste die beste geleentheid voltooi.

§ 12. *Aflewering van besteldiensadviese.*—Aflewering van besteldiensadviese word onderneem in die gebied waarin telegramme kosteloos afgelewer word.

§ 13. *Nie aflewering van advies.*—Ingeval die besteldiensadvies nie afgelewer word nie, word die beginsentrale daarvan in kennis gestel.

§ 14. *Geldigheidsduur.*—'n Besteldiensadvies word as ongeldig beskou indien die verlangde persoon nie binne 24 uur daarop antwoord nie. Sondae en openbare vakansiedae word nie in die geldigheidsduur ingesluit nie.

§ 15. *Geen antwoord van opgeroepte nie.*—Indien daar geen antwoord van die opgeroepte telefoonhuurder wat vir 'n inkomende oproep verlang word, is nie, teken die eindsentrale die oproep aan en wend herhaalde pogings aan om 'n antwoord van die opgeroepte oor 'n tydperk van twee uur te kry van die oomblik af waarop 'n rapport oor die oproep gemaak is; daarna word die oproep as ingetrek beskou.

§ 16. *Oproeper of opgeroepte se nommer beset.*—Indien die huurder se telefoon met 'n plaaslike oproep beset is wanneer dit vir 'n hooflynoproep nodig is wat reeds opgebou is, word die hooflynoproep aan die betrokke huurder aangebied by dié sentrales waar dit moontlik is.

§ 17. *Onbevredigende spraakgehalte.*—Indien die betrokke kopsentrales tydens die aanvang van 'n oproep merk dat die spraakgehalte nie bevredigend gaan wees nie, word die oproep afgesluit ten einde oponthoud in die deurskakeling van ander oproepe te voorkom. Die oproeper word daarvan in kennis gestel wanneer toestande weer normaal is.

§ 18. *Oproepseine.*—Oproepseine op interterritoriale lyne moet onmiddellik beantwoord word.

ARTIKEL 8.

Duur van oproepe.

§ 1. *Beperkings.*—Ingeval ander oproepers wag om van dieselfde lyne gebruik te maak, moet oproepe nie langer as 9 minute duur nie.

§ 2. *Tyd waarvoor betaal moet word.*—In die geval van 'n gewone oproep begin die tyd waarvoor betaal moet, word, op die oomblik waarop die oproeper en die opgeroepte na mekaar toe deurgeskakel is. In die geval van 'n persoonlike of 'n besteldiensoproep begin die tyd op die oomblik wanneer die oproeper en die verlangde persoon, of sy erkende verteenwoordiger, na mekaar toe deurgeskakel is.

§ 3. *Toegeetydperk.*—By die berekening van die tyd waarvoor ten opsigte van iedere oproep betaal moet word, word 'n toegeetydperk van 15 sekondes toegestaan.

§ 4. *Bedryfsvereistes vir interterritoriale lyne.*—Oorseinonderbrekings van die diens of ander oorsake, dwarsdeur of gedeeltelik onbevredigend is, kan 'n paslike afslag ten opsigte van die verskuldigde koste toegestaan word. Die oproeper kan nie eis dat hierdie bepaling toegepas word nie tensie hy die beginsentrale gedurende die oproep versoek om kennis te neem van die moeilikheid.

ARTIKEL 9.

Kosteberekening.

§ 1. *Berekening.*—Die koste vir oproepe bestaan uit die eind- en transitokoste.

The responsibility for the establishment of Fixed Time Calls will be allocated as follows:—

(1) Fixed Time Personal Service Call.—The Final Exchange builds up the call shortly before the appointed time.

(2) Ordinary Fixed Time Call.—The Originating Exchange builds up the call shortly before the appointed time.

§ 9. *Treatment of Personal Service Calls at Final Exchange.*—On receipt of an incoming Personal Service Call the Final Exchange takes all reasonable steps to get into touch with the person required. These efforts are repeated, if necessary, until the person required has been located, or the validity of the call expires. Having located the person required, and warned him of the call, the Final Exchange advises the Terminal Exchange, and the call is completed at the first opportunity.

§ 10. *Difficulty in Reaching Person Required.*—If the person required for an incoming personal service call has not been located within fifteen minutes of the receipt of the call at the final exchange, the originating exchange is notified of the cause of the delay. The final exchange continues to make attempts to locate the person required, and if unsuccessful over a period of two hours from the time a report is given on the call, no further action need be taken.

§ 11. *Treatment of Messenger Service Calls at Final Exchange.*—On receipt of an Incoming Messenger Service Call, the Final Exchange delivers a Messenger Service Advice to the person required. When that person responds the Final Exchange advises the Terminal Exchange, and the call is completed at the first opportunity.

§ 12. *Delivery of Messenger Service Advices.*—Delivery of Messenger Service Advices is undertaken within the area in which telegrams are delivered free.

§ 13. *Non-Delivery of Advice.*—In the event of the non-delivery of a Messenger Service Advice the Originating Exchange is advised.

§ 14. *Validity.*—A Messenger Service Call is regarded as ineffective if the person required fails to respond within 24 hours. Sundays and Public Holidays are not included in this period of validity.

§ 15. *No Reply from Callee.*—If there is no reply from the called telephone station when required for an incoming call, the final exchange records the call and makes repeated attempts to gain the attention of the called telephone station over a period of two hours from the time a report is given, after which the call is regarded as being cancelled.

§ 16. *Caller or Callee Engaged.*—If a subscriber's telephone is engaged on a local call when required for a trunk call which has already been built up, the trunk call is offered to the subscriber concerned at those exchanges at which facilities exist for doing so.

§ 17. *Unsatisfactory Speech.*—When, at the beginning of a call, the Terminal Exchange concerned observes that the conditions of reception will not be satisfactory, the call is disconnected in order to avoid any delay in the establishment of other calls. The caller is advised when normal conditions are restored.

§ 18. *Calling Signals.*—Calling signals on inter-territorial circuits must be answered immediately.

ARTICLE 8.

Duration of Calls.

§ 1. *Limitations.*—The duration of a call is not extended beyond 9 minutes if other calls are awaiting the use of any of the circuits concerned.

§ 2. *Chargeable Duration.*—In the case of an ordinary call the chargeable duration begins at the moment that communications is established between the calling telephone station and the called telephone station. In the case of a Personal or Messenger Service Call the chargeable duration commences at the moment when communication is established between the calling telephone station and the person required, or his acceptable substitute.

§ 3. *Period of Grace.*—In calculating the chargeable duration of each call a period of grace of 15 seconds is allowed.

§ 4. *Allowance for Interruptions.*—If, owing to a fault affecting the service or other cause, a call is not satisfactory throughout the whole or a portion of its duration, a suitable reduction may be made in the chargeable duration of the call. The caller cannot demand the application of this provision unless, during the call, he asks the Originating Exchange to note the difficulties.

ARTICLE 9.

Composition of Charges.

§ 1. *Composition.*—The charges for calls are made up of the terminal charges and any transit charge or charges.

§ 2. *Kringe.*—Vir doeleindes van kosteberekening kan die gebied van die administrasies in kringe verdeel word. Iedere administrasie stel die getal en omvang van die kringe vir sy diens met die ander administrasies vas. Eenvormige eindkoste word vir iedere gegewe kring vasgestel.

§ 3. *Transitokoste.*—Iedere deursendingsadministrasie stel sy transitokoste vas. Onder dieselfde deursendingstoestande stel administrasies dieselfde transitokoste vas.

ARTIKEL 10.

Tariewe en Kosteberekening.

§ 1. *Eenheidskoste.*—Die eenheidskoste is die koste ten opsigte van 'n oproep van drie minute wat deurgeskakel is gedurende die tydperk van die maksimum tarief.

§ 2. *Bepalings van eenheidskoste.*—Die bedrag van die eenheidskoste word deur die betrokke administrasies vasgestel.

§ 3. *Wisselroetes.*—Die eenheidskoste vir 'n gegewe diens is altyd dieselfde in albei rigtings watter roete (gewone of hulproete) vir die deurskakeling van die oproep in daardie diens ook al gebruik word.

§ 4. *Minimum tyd waarvoor betaal moet word.*—Die minimum tyd waarvoor betaal moet word, is drie minute.

§ 5. *Oproepe wat langer as drie minute duur.*—(1) Wanneer 'n oproep meer as drie minute duur, word koste per minuut gehef vir die tyd na die eerste drie minute. 'n Breuk van 'n minuut word as 'n minuut beskou. Die koste vir een minuut is een-derde van die koste vir drie minute.

Wanner 'n oproep van 'n openbare oproepkantoor aangevra word, is die koste per minuut egter nie van toepassing nie.

(2) In sekere dienste kan die koste by onderlinge ooreenkoms tussen die betrokke administrasies in ononderbroke tydperke van drie minute bereken word.

§ 6. *Differensiële tariewe.*—Administrasies mag differensiële tariewe onderling reël wat gedurende vasgestelde tye van toepassing gemaak kan word.

Ingeval 'n oproep van een tariefstydperk in 'n ander tariefstydperk in strek, word die volle gesprekstuur betaal volgens die tarief wat in werking was toe die gesprek 'n aanvang geneem het.

§ 7. *Afspraakoproepe.*—Vir 'n enkele afspraakoproep is die ekstra koste 25 persent van die tarief vir 'n oproep van drie minute teen die betrokke tarief.

Vir afspraakoproepe wat aangevra word om daagliks oor 'n tydperk van minstens een week deurgeskakel te word (Saterdae en Sondae inbegrepe al dan nie), is die ekstra kost 12½ persent van die betrokke koste vir 'n oproep van drie minute.

Die ekstra koste word deur administrasies gedeel in dieselfde verhouding as die oproepkoste, onderworpe aan die bepalings van paragraaf 4.

§ 8. *Persoonlike- en besteldiensoproepe.*—Die ekstra koste vir persoonlike of besteldiensoproepe word deur die betrokke administrasies vasgestel.

§ 9. *Reg om koste af te rond.*—Die koste wat kragtens die ooreenkomste tussen administrasies ingevorder word, kan tot die volgende hoër of laer geldeenheid bereken word, ooreenkomstig die valuta van die land van herkoms.

§ 10. *Wysigings van en byvoegings tot koste.*—Iedere administrasie het die reg om, onderworpe aan kennisgewing van 30 dae, die koste van enige diens waarvoor hy verantwoordelik is, te wysig, dit te verhoog of te skrap.

ARTIKEL 11.

Diverse koste.

§ 1. *Geen antwoord van opgeroepte.*—Ingeval daar geen antwoord van die opgeroepte telefoonhuurder is wanneer die oproep gereed is nie, moet die oproeper die koste betaal.

§ 2. *Oproepe geweier.*—Indien die oproeper of opgeroepte onvoorwaardelik weier om 'n oproep te beantwoord, wörd die betrokke koste vir 'n oproep van drie minute van die oproeper gevorder.

§ 3. *Gewone oproepe.*—Die bespreking van 'n gewone oproep kan ingetrek word, sonder dat koste daarvoor aangegaan word, tot op die oomblik waarop die oproeper gebel word om die oproep te maak.

§ 4. *Afspraakoproepe.*—'n Afspraakoproep kan ingetrek word sonder dat koste daarvoor gevorder word mits tien minute vooraf kennis van intrekking gegee word.

§ 5. *Persoonlike en besteldiensoproepe.*—Die koste vir persoonlike of besteldiensoproepe word nie gevorder nie ingeval die oproeper versoek dat die oproep ingetrek word voordat die beginsentrale stappe gedoen het om dit deur te skakel. Die koste vir 'n persoonlike oproep word nie gevorder nie indien die oproep as gevolg van die feit dat daar geen antwoord van die opgeroepte nommer is nie of die nodige lyn uit orde is, nie binne twee uur nadat oor die oproep gerapporteer is, deurgeskakel word nie.

§ 2. *Zones.*—For the fixing of terminal charges, the territory of the administrations may be divided into zones. Each administration fixes the number and extent of the zones for its services with each of the other administrations. A uniform terminal charge is fixed for a given zone.

§ 3. *Transit charge.*—Each transit administration fixes its transit charge. In the same conditions of transit, an administration applies the same transit charges.

ARTICLE 10.

Tariffs and Charging.

§ 1. *Unit Charge.*—The unit charge is the charge in respect of a call of three minutes duration connected during the maximum tariff rate period.

§ 2. *Fixation of Unit Charge.*—The amount of the unit charge is fixed by the administrations concerned.

§ 3. *Alternate Routes.*—The unit charge for a given service is always the same in both directions whatever the route (normal or auxiliary) used for the establishment of the call in that service.

§ 4. *Minimum Chargeable Duration.*—The minimum chargeable duration of any call is three minutes.

§ 5. *Duration exceeding Three Minutes.*—(1) When the duration of a call exceeds three minutes, a charge per minute is made for the period in excess of the first three minutes. Any fraction of a minute is charged as a minute. The charge per minute is one-third the charge for three minutes.

When a call originates at a public call office, however, the per-minute rate does not apply.

(2) In certain services as arranged by agreement between the administrations concerned, the charges may be reckoned in unbroken periods of three minutes.

§ 6. *Differential Rates.*—Administrations may agree between themselves to fix differential rates which are to be applied during specified periods.

When a call extends from one tariff period into another tariff period, the full conversational period is charged according to the tariff in operation when the conversation commenced.

§ 7. *Fixed Time Calls.*—For a single Fixed Time Call the additional charge is 25 per cent., of the tariff charged for a call of 3 minutes' duration at the appropriate tariff rate.

For Fixed Time Calls, which are booked to mature daily for a minimum period of one week (including or excluding Saturdays and Sundays as may be desired), the additional charge is 12½ per cent., of the appropriate charge for a call of 3 minutes duration.

The additional charge is shared between administrations in the same proportion as the call charge, subject to the provision made in paragraph 4.

§ 8. *Personal Service and Messenger Service Calls.*—The additional charge for any Personal Service Call, or for any Messenger Service Call, is determined by the administrations concerned.

§ 9. *Right to Round Off Charges.*—The charges to be collected in accordance with agreements made between administrations may be rounded up or down to meet the monetary or other convenience of the country of origin.

§ 10. *Amendments of and Additions to Charges.*—Each administration reserves the right, subject to 30 days' notice, to amend, add to or delete the charge for any service for which it is responsible.

ARTICLE 11.

Charging—Miscellaneous.

§ 1. *No Reply from Caller.*—If there is no reply from the calling telephone station when the call is ready, the caller is charged for the call.

§ 2. *Refused Calls.*—If the calling or called telephone station unconditionally refuses to accept a call, the appropriate tariff charge for a call of three minutes duration is charged against the caller.

§ 3. *Ordinary Calls.*—The booking of an Ordinary Call may be cancelled, without any charge being made, up to the moment when the caller is rung up to take the call.

§ 4. *Fixed Time Calls.*—The booking of a Fixed Time Call may be cancelled, without any charge being made, provided at least 10 minutes' notice of cancellation is given.

§ 5. *Personal Service and Messenger Service Fees.*—The Personal Service or Messenger Service Fee is not chargeable if the caller requests cancellation of the call before the Originating Exchange has taken any steps to pass it forward. The Personal Service Fee is not chargeable if the call does not mature within two hours of the time a report is given on the call, owing to there being no reply from the called telephone station or owing to the circuit required for the call being out

Die koste vir persoonlike of besteldiensoproepe word gevorder indien die oproeper die oproep intrek nadat die beginsentrale dit deurgestuur het. Die koste vir persoonlike oproepe is betaalbaar indien die oproep nie voltooi kan word weens die feit dat die verlangde persoon nie opgespoor kan word nie.

§ 6. *Diensonderbrekings.*—Indien 'n oproep as gevolg van 'n diensonderbreking nie deurgeskakel kan word nie, word geen koste gevorder nie.

§ 7. *Onbevredigende spraakgehalte.*—Indien gevind word dat die spraakgehalte nie bevredigend is nadat 'n oproep opgebou is nie, word geen koste gevorder nie.

ARTIKEL 12.

Boekhou.

§ 1. *Verkeersopsomming.*—Iedere oproep word aangeteken op 'n verkeersopsomming wat die volgnommer toon, die kantoor van herkoms, die kantoor van bestemming, die soort oproep, die betaalbare gesprekstuur in minute en die koste verskuldig ten opsigte van eind-, transito- en bykomende koste. Oor die verantwoordelikheid om verkeersopsommings te maak, word onderling deur die betrokke administrasies besluit.

§ 2. *Versending van verkeersopsommings.*—Op of voor die twaalfde dag van iedere maand, tensy 'n later datum onderling vasgestel word, stuur iedere administrasie wat 'n verkeersopsomming opstel, een kopie van die opsomming wat ten opsigte van die vorige maand opgestel is, aan die ander betrokke administrasie.

§ 3. *Maandelikse rekening.*—Die verskuldigde bedrae wat op verkeersopsommings voorkom, word oorgebring op 'n maandelikse rekening wat die balans aantoon wat aan die krediteuradministrasie verskuldig is. Oor die verantwoordelikheid om maandelikse rekenings op te stel, word onderling deur die betrokke administrasies besluit.

§ 4. *Versending van maandelikse rekening.*—'n Kopie van die maandelikse rekening word deur die administrasie wat dit opstel, op of voor die 20ste van die maand aan die ander betrokke administrasie gestuur.

§ 5. *Betaling van rekening.*—Rekenings word kragtens die ooreenkomste wat daar tussen administrasies bestaan, vereffen.

§ 6. *Navraag in verband met boekhouding.*—Administrasies het die reg om navraag te doen in verband met 'n rekening te eniger tyd voor verstryking van die sesde maand na die maand waarop die rekening betrekking het. Indien hierdie navraag as gevolg het dat die betrokke administrasies instem om 'n verrekening te doen, bring die administrasie wat die rekening opstel, die wysiging in die volgende rekening aan.

§ 7. *Volle verskuldigde bedrag betaalbaar.*—Onderworpe aan wysigings wat onderling kragtens § 6 gereël is, moet die volle bedrag van die koste inaggeneem word wat ten opsigte van oproepe in verkeersopsommings verskuldig is. Geen toegewing word ten opsigte van slegte skuld gemaak nie.

§ 8. *Bewaring van kwitansies.*—Kwitansies in verband met interterritoriale rekenings word minstens ses maande lank na die maand waarop hulle betrekking het, bewaar.

ARTIKEL 13.

§ 1. *Woordbepaling.*—Die woorde en uitdrukkings wat in die huidige bedryfsreëlings gebruik word, word in die Bylae hiervan omskryf.

BYLAE.

Onderstaande woordbepalings vul dié aan wat in die Ooreenkoms voorkom:—

Kopsentrales.—Sentrales wat regstreeks deur 'n interterritoriale lyn verbind is.

Interterritoriale lyn.—'n Telefoonlyn wat die gebiede van twee verskillende administrasies verbind.

Diens.—Die hooflyntelefoondiens tussen die gebiede van verskillende administrasies.

Gewone roete.—Die roete wat in die eerste plek gekies moet word vir die deurstuur van telefoonverkeer in 'n besondere diens.

Hulproete.—'n Ander roete as die gewone, maar wat deur dieselfde lande as die gewone roete gaan.

Sentrale.—'n Telefoonsentrale-inrigting deur middel waarvan die deurskakeling van telefoonoproepe bewerkstellig word.

Kring.—'n Elektriese verbinding wat die deurskakeling van telefoonoproepe in albei rigtings tussen twee telefoonsentrales moontlik maak.

Hooflynsentrale.—'n Sentrale waar hooflynoproepe deurgeskakel of beëindig word. Die hooflynoproepstelsel sluit lyne binne en tussen gebiede in wat deur 'n volledige net bedien word en wat deur koordlynversterkers verbind kan word.

Aanvra van oproepe.—Die eerste versoek deur 'n oproeper om 'n interterritoriale telefoonoproep.

of order. The Personal Service or Messenger Service Fee is chargeable if the caller cancels the call after the Originating Exchange has passed it forward. The Personal Service Fee is chargeable if the call cannot be completed owing to difficulty in locating the person required.

§ 6. *Failure of Service.*—When through the failure of the telephone service, a booking of a call is not followed by the establishment of communication between the calling and the called telephone stations, a charge is not made.

§ 7. *Unsatisfactory Speech.*—If, after a call is built up, it is found that the conditions of reception are not satisfactory, a charge is not made.

ARTICLE 12.

Accounting.

§ 1. *Traffic Summaries.*—Each call handled is entered on a Traffic Summary which shows the serial number, the office of origin, the office of destination, the class of call, the chargeable duration in minutes, and the charge due in respect of terminal, transit and supplementary charges. The responsibility for the preparation of Traffic Summaries is decided by mutual agreement between the administrations concerned.

§ 2. *Despatch of Traffic Summaries.*—On or before the twelfth day of each month, unless a later date is mutually agreed upon, each administration which prepares a Traffic Summary forwards to the other administration concerned one copy of the summary prepared in respect of the preceding month.

§ 3. *Monthly Account.*—The amounts of charges due as shown on Traffic Summaries are carried to a monthly account which shows the balance due to the creditor administration. The responsibility for the preparation of the monthly account is decided by mutual agreement between the administrations concerned.

§ 4. *Despatch of Monthly Account.*—A copy of the Monthly Account is despatched by the administration preparing it to the other administration concerned on or before the 20th day of each month.

§ 5. *Payment of Accounts.*—Accounts are paid in accordance with agreements made between administrations concerned.

§ 6. *Accounting Queries.*—An administration has the right to raise queries in respect of an account at any time before the expiration of the sixth month dating from that to which the account relates. If such a query results in an adjustment of the account being agreed upon by administrations concerned, the administration preparing the account makes the adjustment in the next account.

§ 7. *Full Amount Due to be Payable.*—Subject to any adjustment which may be mutually agreed upon in terms of § 6, the full amount of the charges due in respect of calls included in Traffic Summaries must be taken into account. No allowance is made for bad debts.

§ 8. *Preservation of Vouchers.*—The vouchers which have served for the establishment of inter-territorial accounts are preserved for at least six months following the month to which they refer.

ARTICLE 13.

§ 1. *Definition of Terms Used.*—The terms used in the present Working Arrangements are defined in the Annex hereto.

ANNEX.

The following definitions complete those given in the Agreement:—

Terminal Exchanges.—Exchanges connected directly by an inter-territorial circuit.

Inter-territorial Circuit.—A telephone circuit connecting the territories of two different administrations.

Service.—The trunk telephone service between the territories of different administrations.

Normal Route.—The route which must be chosen in the first place for the passing of telephone traffic in a particular Service.

Auxilinry Route.—A route other than the normal route, but passing through the same countries as the normal route.

Exchange.—A telephone exchange installation permitting the establishment of telephone calls.

Circuit.—An electrical connection permitting the establishment of telephone communication in both directions between two telephone exchanges.

Long-Distance Trunk Centre.—An exchange at which the long-distance trunk system is switched or terminated. The long-distance trunk system comprises circuits, in and between areas which are served by a complete network, capable of being connected together by cord circuit repeaters.

Booking of a Call.—The first request made by a caller for an inter-territorial telephone call.

Oproep.—Die gevolg van 'n oproep aanvra wanneer verbinding tot stand gebring is tussen die telefoonstasie wat oproep en die een wat opgeroep word.

Duur van oproep waarvoor betaal moet word.—Die tyd wat as grondslag dien om die koste van 'n oproep te bereken.

Transitokoste.—Die koste verskuldig aan 'n administrasie vir die deursending deur sy gebied van 'n oproep tussen die gebiede van twee ander administrasies.

BYLAE 4.

TEGNIESE BEDRYFSREËLING VIR INTERTERRITORIALE TELEGRAAF-, TELEFOON- EN RADIOVERBINDINGS.

§ 1. *Interterritoriale verbindings.*—Landlyne, of radioverbindings met baie hoë frekwensies waar ionosfeervoortplanting nie aangewend word nie en uitgerus om dieselfde diens as 'n landlyn te verskaf, word beskou as die bevredigendste vorm van interterritoriale verbinding tussen lede van die T.U.A.

§ 2. *Interterritoriale skakelkantore.*—Administrasies moet die Buro van die Unie meedeel watter sentrale of sentrales hul interterritoriale skakelsentrale of sentrales is. Op sy beurt deel die Buro die gegewens aan alle ander lede van die Unie mee.

§ 3. *Interterritoriale landlynnet.*—Die interterritoriale landlynnet sluit in Betsjoeanaland, Basoetoland, Swaziland, die Unie van Suid-Afrika, Suidwes-Afrika, Lourenco Marques en omliggende landsdele, Suid-Rhodesië, Noord-Rhodesië, Beira en omliggende landsdele en dié gedeeltes van omliggende landsdele waarheen landlyne later uitgebrei kan word.

§ 4. *Afslag vir onderbrekings.*—Ingeval 'n oproep weens Oorseiningstandaarde en -woordbepalings vasgestel deur die C.C.I.F. en C.C.I.R. moet aangeneem word in verband met die installering en onderhoud van alle interterritoriale lyne, behalwe vir sover hierdie vereistes deur die T.U.A. bepaal word.

§ 5. *Lyntelefoonverbinding.*—Oorseiningstandaarde, woordbepaling en vereistes:—

(1) *Kanaalbandbreedte.*—Die kanaalbandbreedte van interterritoriale lyne moet verkieslik 200 tot 3,400 hertz en minstens 300 tot 2,700 hertz wees.

(2) *Bedryfspeil.*—Die einddemping of bedryfspeil tussen die skakelbordsye van die differensiaaltransformators of oordraspoele moet hoogstens drie desibels wees gemeet teen 800 hertz met 'n ingangskrag van een milliwatt.

(3) *Outomatiese peilbeheer.*—Alle interterritoriale draagstelsels moet met outomatiese peilbeheer uitgerus wees.

(4) *Gedruisstoring op lyne.*—Gedruisstoring met inbegrip van induksiestoring op 'n interterritoriale lyn moet nie meer as twee gedruis-millivolts wees nie.

(5) *Noodreëlings.*—Alle interterritoriale verbindings moet voorsien wees van noodlyne en noodkragvoorsiening.

Onderbrekings moet nie langer as tien minute duur nie.

(6) *Instandhouding.*—Periodieke toetse moet by onderlinge ooreenkoms deur die betrokke partye op interterritoriale lyne uitgevoer word.

(7) *Seinmetodes.*—Seine op alle draagstelsels moet teen 500 hertz, met onderbrekings teen 17 hertz, en 17 hertz op alle fisiese lyne uitgevoer word.

§ 6. *Betrekkingsekwivalent.*—(1) Die grootste toelaatbare verlies met inbegrip van dié op oorseinings- en ontvangstoestelle moet nie meer as 31 desibels tussen twee huurders op interterritoriale verbindings wees nie.

(2) Alle kantore in 'n gebied moet ingedeel word vir onbeperkte interterritoriale verkeer gebaseer op die algemene interterritoriale verlies van 31 desibels. Huurders by alle kantore in die gebied wat geraak word deur die totale algemene interterritoriale verlies van 31 desibels, met inbegrip van die betrokke interterritoriale lyne, moet onbeperkte diens geniet.

§ 7. *Lyntelegraafverbinding.*—Bedryfsmetodes:—

(1) *Telegraafkodes.*—Die telegraafkodes kan die volgende wees:—
Internasionale telegraafalfabetkode No. 2.
Internasionale morsekode.

(2) *Baud-snelheid.*—Op telegraafstelsels met meervoudige stemfrekwensie moet die snelheid nie meer as 50 bauds wees nie.

(3) *Meervoudige stemfrekwensie.*—Waar dit moontlik is moet interterritoriale telegraaflyne gebruik maak van telegraafstelsels met meervoudige stemfrekwensie.

§ 8. *Radiotelefoonverbinding.*—Ondergemelde standaarde en bedryfsmetodes moet op interterritoriale verbindings tussen lede van die T.U.A. van toepassing wees:—

(1) *Kanaalbandbreedte.*—Die kanaalbandbreedte van radiotelefoonverbindings moet minstens 300 tot 2,700 hertz wees.

Call.—The effect given to the booking of a call when communication has been established between the calling telephone station and the called telephone station.

Chargeable Duration.—The period of time which serves as the basis for calculating the charge for the call.

Transit Charge.—The charge due to an administration for the transmission through its territory of a call between the territories of two other administrations.

ANNEX 4.

TECHNICAL WORKING ARRANGEMENTS FOR INTER-TERRITORIAL TELEGRAPH, TELEPHONE, AND RADIO CIRCUITS.

§ 1. *Inter-territorial Circuits.*—Land lines or radio circuits at very high frequencies not using ionospheric propagation and equipped to give performance equivalent to that of a land line shall be regarded as the most desirable form of inter-territorial circuits between members of the A.T.U.

§ 2. *Inter-territorial Switching Centres.* — Administrations shall notify the Bureau of the Union which centre or centres they regard as their inter-territorial switching centre or centres. The Bureau shall circulate this information to all members of the Union.

§ 3. *Inter-territorial Land Line Network.*—The inter-territorial land line network shall embrace Bechuanaland, Basutoland, Swaziland, the Union of South Africa, South West Africa, Lourenco Marques and adjacent territory, Southern Rhodesia, Northern Rhodesia, Beira and adjacent territory and such portions of adjacent territories as and when land lines are extended thereto.

§ 4. *Operating Requirements for Inter-territorial Circuits.*—Transmission standards and definitions as determined by the C.C.I.F., and C.C.I.R., shall be accepted for the installation and maintenance of all inter-territorial circuits, except in so far as these requirements are determined by the A.T.U.

§ 5. *Land Line Telephone Communication.* — Transmission Standards, Definitions and Requirements:—

(1) *Channel Bandwidth.*—The channel bandwidth of inter-territorial circuits shall preferably be 200 to 3,400 c.p.s. and not less than 300 to 2,700 c.p.s.

(2) *Operating Levels.*—The terminal equivalent or operating level between the switchboard sides of the hybrid coils or repeating coils shall be not more than three decibels measured at 800 c.p.s. with an input of one milliwatt.

(3) *Automatic Pilot Control Equipment.*—All inter-territorial carrier systems shall be equipped with automatic pilot control equipment.

(4) *Noise Interference on Circuits.*—The noise interference including crosstalk on an inter-territorial circuit shall not exceed two millivolts psophometric.

(5) *Stand-by Arrangements.*—All inter-territorial circuits shall be provided with stand-by line and power facilities. The maximum break in circuit shall not exceed ten minutes.

(6) *Maintenance Procedure.*—A maintenance procedure comprising periodic tests to be arranged by mutual agreement between the parties concerned shall be applied to inter-territorial circuits.

(7) *Methods of Signalling.*—The methods of signalling on all carrier circuits shall be 500 c.p.s. interrupted at 17 c.p.s. and on all physical circuits 17 c.p.s.

§ 6. *Reference Equivalent.*—(1) The maximum permissible loss including the transmitting and receiving telephone instruments shall not exceed 31 decibels between two subscribers on inter-territorial circuits.

(2) A classification of offices in a territory shall be made for unrestricted inter-territorial traffic based on the overall inter-territorial loss of 31 decibels. Subscribers of all offices in the territories which fall within the total overall inter-territorial loss of 31 decibels, including the inter-territorial circuits concerned, shall have unrestricted service.

§ 7. *Land Line Telegraph Communication.*—Methods of Working:—

(1) *Telegraphic Codes.*—The telegraphic codes may be:—
International Telegraph Alphabet No. 2.
International Morse Code.

(2) *Baud Speed.*—On multi-channel voice frequency telegraph systems the speed shall not exceed 50 bands.

(3) *Multi-channel Voice Frequency Working.*—Inter-territorial telegraph circuits shall, where possible, operate over multi-channel voice frequency telegraph systems.

§ 8. *Radio Telephone Communication.*—The following standards and methods of working should be adopted on inter-territorial circuits between A.T.U. countries.

(1) *Channel Bandwidth.*—The channel bandwidth of radio telephone circuits shall be not less than from 300 to 2,700 c.p.s.

(2) *Privaatheid.*—Privaatheid op hierdie verbindings kan verkry word deur middel van omkering met 'n draagfrekwensie van drie hertz, of enige ander dergelike stelsel, wat ewe doeltreffend is, en wat by onderlinge ooreenkoms deur twee administrasies bepaal word.

(3) *Bedryfspeil.*—Die verlies tussen die skakelbordsye van die differensiaaltransformator op die radiotelefoonendpunte moet nie meer as drie desibels teen 800 hertz met 'n ingangskrag van een milliwatt wees nie.

(4) *Soort modulasie:*—

(i) Wanneer slegs van een kring tussen stasies gebruik gemaak word, mag amplitudemodulasie aangewend word met emissie van sowel die draagfrekwensie as albei sybande.

(ii) Wanneer van twee of meer kringe tussen twee stasies gebruik gemaak word, moet voorkeur gegee word aan enkele sybanduitsending met twee kanale in plaas van aan twee dubbele sybandbane.

(5) *Gedruispeil.*—Sodra die gemiddelde gedruispeil op 'n radiotelefoonkring meer as 20 desibels benede die gemiddelde spraakpeil gaan, kan die verbinding onbevredigend verklaar word.

(6) *Onderhoudsreëlings.*—Stelsels moet daagliks getoets word of dit aan die standaardbedryfspeil voldoen, soos voorgeskryf by § 8 (3) en so dikwels as wat die tegniese operateur dit by iedere radiotelefoonendpunt gelas.

(7) *Seinmetode.*—500 hertz onderbreek teen 17 hertz.

§ 9. *Radiotelegraafverbinding.*—Ondergenoemde standaarde en bedryfsmetodes moet op kringe tussen lede van die T.U.A. gebruik word:—

(1) *Telegraafkodes.*—Hulle kan die volgende wees:—

(i) Internasionale telegraafalfabet No. 2.

(ii) Internasionale morsekode.

(iii) Kode vir kabels met dubbele stroom.

(2) *Baud-snelheid:*—

(i) 50 Bauds vir die internasionale telegraafalfabet No. 2.

(ii) Die snelheid vir internasionale morsekode en dié vir kabels met dubbele stroom word deur die eindstasies vasgestel maar dit mag nie meer as 100 bauds wees nie.

(3) *Soort emissie:*—

(i) Ongemoduleerde onafgebroke golwe kan op morsestroombane aangewend word.

(ii) Op teledrukkerkringe word frekwensiewisseling of meervoudige toonuitsending verkies.

SPESIALE BESLUITE VAN DIE KONFERENSIE.

1. *Monitorstasies.*—Tydens die tweede voltallige sitting op Maandag 22 November 1948 is daar besluit dat vier monitorstasies aanvanklik opgerig moet word, een in elkeen van ondergenoemde gebiede:—

(i) Belgiese Kongo.

(ii) Frans-Ekwatoriaal-Afrika.

(iii) Suid-Rhodesië.

(iv) Unie van Suid-Afrika.

Vir die oomblik sal die werk van hierdie stasies beperk wees tot frekwensiekontrole.

Die stasies sal meeluister op frekwensies tot en met 30 megaperiodes. Ingeval van interferensie word gehandel kragtens artikel 14 van die Internasionale Radioregulasies, Atlantic City. Deur tussenkoms van die Buro van die Telekommunikasie-unie van Afrika sal inligting kosteloos tussen monitorstasies gewissel word.

Administrasies wat hierdie stasies bestuur, moet alle nodige hulp aan die ander lede van die Unie verleen.

Die werk verbonde aan hierdie stasies moet as vrywillig beskou word. Iedere beherende administrasie het die reg om die diensure, ens., aan hierdie stasies te reël.

2. *Datum van inwerkingtreding van Ooreenkoms en bedryfsreëlings.*—Tydens die derde voltallige sitting op Donderdag, 25 November 1948, is daar besluit dat die Ooreenkoms en die bedryfsreëlings in verband daarmee op 1 Julie 1949 van krag word, behalwe in die geval van die bedryfsreëlings vir radioverbindings wat van krag geword het op dieselfde datum as die finale handelings van die Internasionale Telekommunikasie- en Radiokonferensie, Atlantic City, nl. 1 Januarie 1949.

3. *Uitsaankonferensie.*—Tydens die vierde voltallige sitting op Vrydag, 26 November 1948 is daar besluit dat administrasies versoek word om op of voor 31 Januarie 1949 ondergenoemde inligting in verband met die gebruik van frekwensies in die uitsaanbande onder 5,060 kilohertz in te dien:—

Twee lyste wat aantoon die ligging van stasies, gemiddelde krag, soort modulasie en antenneregrigtheid (as dit bestaan) vir alle frekwensies—

(2) *Privacy.*—The method of privacy used on these circuits may be inversion with a carrier frequency of three kilocycles per second, or such other system, of no less efficiency, which may be mutually agreed by the two administrations concerned.

(3) *Operating Levels.*—The loss between the switchboard sides of the hybrid coils on the radio telephone terminals shall be not more than three decibels at 800 cycles per second with an input of one milliwatt.

(4) *Type of Modulation:*—

(i) Where one circuit only is operated between two stations, amplitude modulation may be employed and the carrier and both sidebands emitted.

(ii) Where two or more circuits are operated between two stations, twin channel single sideband transmission shall be employed in preference to two double sideband circuits.

(5) *Noise Level.*—When the average noise level on a radio telephone circuit rises to 20 decibels below average speech level, the circuit may be declared uncommercial.

(6) *Maintenance Procedure.*—The systems shall be lined up daily to the standard operating level, as in § 8 (3) above, and as often as requested by the technical operator at either radio telephone terminal.

(7) *Method of Signalling.*—500 cycles per second interrupted at 17 cycles per second shall be used on these circuits.

§ 9. *Radio Telegraph Communication.*—The following standards and methods of working on circuits between A.T.U. countries should be adopted:—

(1) *Telegraphic Codes.*—The telegraphic codes may be:—

(i) International Telegraph Alphabet No. 2.

(ii) International Morse Code.

(iii) Double Current Cable Code.

(2) *Baud Speed:*—

(i) For the International Telegraph Alphabet No. 2 a speed of 50 bauds shall be used.

(ii) For International Morse and double current cable Codes the speed shall be as agreed upon between the terminals but shall not exceed 100 bauds.

(3) *Type of Emission:*—

(i) On Morse circuits unmodulated continuous waves may be used.

(ii) On teleprinter circuits, frequency shift or multitone keying is desirable.

SPECIAL RESOLUTIONS OF THE CONFERENCE.

1. *Monitoring Stations.*—At the second plenary session on Monday, 22nd November, 1948, it was resolved that four monitoring stations should be established initially, one in each of the following territories:—

(i) Belgian Congo.

(ii) French Equatorial Africa.

(iii) Southern Rhodesia.

(iv) Union of South Africa.

For the time being their use will be confined to frequency check.

The stations will monitor on frequencies up to a limit of 30 megacycles. In a case of interference the procedure will be in accordance with that described in Article 14 of the International Radio Regulations, Atlantic City. There will be free intercharge of information between administrations controlling the monitoring stations through the medium of the Bureau of the African Telecommunication Union.

Administrations operating such stations will afford every assistance to other member administrations.

The work of these stations will be regarded as being on a voluntary basis.

Each controlling administration will have the right to determine the hours of operating, etc.

2. *Effective Date of Agreement and Working Arrangements.* At the third Plenary Session on Thursday, 25th November, 1948, it was resolved that the Agreement and Working Arrangements annexed thereto should come into effect on the 1st July, 1949, except in the case of the Working Arrangements for Radio-communication Relations which came into effect on the same date as the Final Acts of the International Telecommunication and Radio Conferences, Atlantic City, viz. 1st January, 1949.

3. *Broadcasting Conference.*—At the Fourth Plenary Session on Friday, 26th November 1948, it was resolved that Administrations should be asked to transmit, not later than the 31st January, 1949, the following information in connection with the use of frequencies in the broadcasting bands below 5.060 Kcs.:—

Two lists reflecting station location, mean power, type of modulation, antenna directivity (if any) for all frequencies—

(a) tans aangewend in die band onder 5,000 kilohertz wat nie gesamentlik in gebruik is nie, en

(b) wat volgens voorneme, in die toekoms in dieselfde band gebruik sal word.

By ontvangs van hierdie inligting stel die Buro 'n omvattende lys op wat aan alle lede van die Telekommunikasie-unie van Afrika voorgelê word; op hulle beurt stuur hulle hul opmerkings in verband met hierdie lys aan die Buro wat sal trag om 'n bevredigende oplossing van alle moeilikhede te vind.

Indien twee of meer administrasies hierna die mening toegedaan is dat 'n konferensie nodig is, sal dit onderling deur die administrasies gereël word om op of voor 30 April 1949 plaas te vind, met die doel om 'n frekwensielys op te stel wat vir alle administrasies aanneemlik is.

4. *Plek en datum van volgende konferensie.*—Tydens die vierde voltallige sitting op Vrydag, 26 November 1948, is besluit dat, onderworpe aan die goedkeuring van die Belgiese regering die volgende konferensie van die Telekommunikasie-unie van Afrika in Leopoldstad, Belgiese Kongo, gedurende Julie 1953 gehou sal word.

No. 2632 (Unie).] [9 Desember 1949.

DOEANEWET, No. 35 VAN 1944—IN- EN UITGANGE VAN DOEANELUGHAWENS.

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Kommissaris van Doeane en Aksyns, kragtens die bevoegdheid hom verleen by die Doeanewet, No. 35 van 1944, Goewermentskennisgewing No. 900 van 5 Junie 1944 gewysig het deur „Brooklynlugstasie, Kaapstad" en alle besonderhede wat onder daardie opskrif onder die opskrif „Doeanelughawens" in Bylae No. 3 van genoemde kennisgewing voorkom, deur die volgende te vervang:—

„Wingfield-lughawe, Kaapstad.

Algemeen.

1. ‚Pinelands-hek', Voortrekkerweg.
2. ‚Goodwood-hek' Boundaryweg.

Spesiaal.

1. Wes-hek oor spoorlyn—alleen vir spoorwegverkeer—moet gesluit word wanneer dit nie gebruik word nie."

(a) at present in use in the non-shared broadcasting band below 5,060 Kcs.;

(b) proposed for future use in the same band.

On receipt of this information, the Bureau will compile a comprehensive list for circulation to all members of the African Telecommunication Union, who will forward their observations on the comprehensive list to the Bureau which will attempt to arrive at a satisfactory solution of any difficulties.

If, after this procedure has been followed, two or more administrations consider that a conference is necessary, such a conference will be arranged by agreement between the administrations not later than the 30th April, 1949, in order to prepare a frequency list which will be acceptable to all administrations.

4. *Country and Date of the Next Conference.*—At the Fourth Plenary Session on Friday, 26th November, 1948, it was resolved that, subject to the approval of the Belgian Government, the next conference of the African Telecommunication Union will be held at Leopoldville, Belgian Congo, during July, 1953.

No. 2632 (Union).] [9th December, 1949.

CUSTOMS ACT No. 35 OF 1944.—ENTRANCES TO AND EXITS FROM CUSTOMS AERODROMES.

It is hereby notified for general information that the Commissioner of Customs and Excise has, under and by virtue of the powers vested in him by the Customs Act, No. 35 of 1944, amended Government Notice No. 900 of the 5th June, 1944, by substituting for "Brooklyn Air Station, Cape Town", and all particulars appearing under that heading under the heading "Customs Aerodromes" in Schedule No. 3 of the said Notice, the following:—

"Wingfield Aerodrome, Cape Town.

General.

1. 'Pinelands Gate', Voortrekker Road.
2. 'Goodwood Gate', Boundary Road.

Special.

1. Western Gate across railway line—for railway traffic only—to be locked when not in use."

Gedruk in Suidwes-Afrika deur / Printed in South West Africa by *John Meinert Ltd., Windhoek.*